

SONDAG VIR PERSONE

MET GESTREMDHEDE

JAARLIKS:

LAASTE SONDAG IN AUGUSTUS



Wonder jy soms hoe jy mense met gestremdhede by jou kerkgemeenskap kan insluit? 'n Goeie idee is om 'n jaarlikse Sondag vir die bewusmaking van mense met gestremdhede in te stel om sodoende die insluitingsproses te versterk. In Suid-Afrika staan die laaste Sondag in Augustus bekend as Sondag vir Persone met Gestremdheid. Jy kan egter so 'n dag gerus op jou kerkprogram invul en vier waar dit in jul eie program inpas.

Hier volg 'n stap-vir-stap proses wat jou kan help met die beplanning van so 'n Sondag:

Stap 1: Betrek mense wat regtig belangstel

Nader 'n groep mense wat jou kan help. Nooi mense vanuit verskillende agtergronde om by jou span aan te sluit: aanbiddingsleiers, jeugleiers, ander kerkleiers, lidmate met gestremdhede (volwasenes en kinders), ouers, familielede en vriende van mense met gestremdhede asook professionele mense wat met gestremdes werk.

Bepaal jou visie in samewerking met jou spanlede. Wat wil julle met hierdie Sondag bereik? Wel, sou julle sou graag wou hê dat diegene wat julle kerk vir die eerste keer besoek, moet aanhou kom

Die doel met die insluiting van mense met gestremdhede behoort te wees om hulle te bemagtig om hulle Godgegewe potensiaal ten volle te bereik. Dit is dus 'n groot hulp as jy mense met gestremdhede in jou span het:

Betrek mense met gestremdhede wat alreeds lidmate van jou kerk is.

- Vra hulle om hulle positiewe en negatiewe ervarings in die kerk met die span te deel
- Moedig hulle aan om voorstelle ter verbetering te maak
- Doen navorsing oor die behoeftes van mense met gestremdhede in die gemeente

Is gestremdheid al voorheen in jou gemeente aangespreek? Beoordeel dit en gebruik die positiewe uitkomst in jou beplanning.

Betrek jou span by jou doelwitbepaling, wat mag insluit:

- Om jou gemeente in te lig oor die beperkinge wat mense met gestremdhede in die plaaslike kerk ervaar
- Om die toegangs- en insluitingsbehoefte van mense met gestremdhede aan te spreek
- Om 'n span te vorm met die oog op bediening vir en saam met mense met gestremdhede in jou kerk en in die breër gemeenskap
- Bid saam dat God jou en elke spanlid sal toerus vir 'n bediening tot persone met gestremdhede
- Bid saam dat jou gemeente mense met gestremdhede sal verwelkom.
- Help alle medegelowiges om die potensiaal van mense met gestremdhede raak te sien
- Bid saam vir geleenthede om vriendskappe met individue met gestremdhede te ontwikkel
- Bid vir elke spanlid en vra God om julle met die nodige vaardighede en sensitiwiteit te sien, sodat julle in harmonie saam kan werk

Wanneer jy 'n datum vir die Sondag beplan:

- Vermy 'n lang naweek en Sondag naby spesiale geleenthede wat jou kerk vier
- Kies 'n Sondag wanneer jou gemeentelid teenwoordig is, sodat hulle jou pogings kan onderskryf, asook die onderwerp van gestremdheid vanuit die Bybel kan toelig
- As jy van plan is om 'n gasspreker wat self 'n gestremdheid het te nooi, reël dit in oorleg met die gemeente se leierskap. Kyk na "[Resourceful People](#)".

Stap 2: Ontwikkel 'n duidelike plan

Stel 'n dokument op oor die Sondag vir Persone met Gestremdheid op wat die volgende inligting bevat:

- Inligting vir die leierskap oor jou visie vir die bediening ten opsigte van gestremdes
- Hoofpunte van die program
- Inlig oor jou behoeftes en hoe die leierskap van hulp kan wees
- Jou span se bereidwilligheid om self die leiding te neem met die organisering van die geleentheid
- Die belangrikheid van die leiers se ondersteuning en betrokkenheid

- Vestig almal se aandag op die voordele van 'n bediening aan en *saam met persone met gestremdheid*

Voordele vir Lidmate:

- 'n Gewaarwording van volkomenheid wanneer die liggaam van Christus mekaar onderling bedien
- 'n Groter waardering vir Christus se medelye as lidmate Christelike empatie in aksie sien
- God se seën as eenheid in die kerk ervaar word
- Lofprysing en aanbidding wat volg as lidmate sien hoe God in die lewens van mense met gestremdhede werk
- Die kerk wat groei as dit op alle vlakke toeganklik word

Voordele vir die bedieningspan:

- Spanlede bou mekaar op deur middel van wedersydse bediening
- Hulle ontwikkel persoonlike en geestelike volwassenheid deur dienslewering
- Hulle geniet nuwe vriendskapsbande met mense met gestremdhede, hulle familie en vriende
- Hulle ontvang geestelike bemoediging en word opgebou deur mense met gestremdhede

Voordele vir persone met gestremdhede wat deelneem aan die program:

- Geleentheid om te sosialiseer en vriende te maak
- Om Jesus te dien
- Lofprysing en aanbidding saam met ander gelowiges
- Vriendskap, ondersteuning en aanvaarding
- Geleentheid om ander te bedien deur hulle Godgegewe gawes te gebruik

Stap 3: Berei die gemeente voor

As dit die eerste keer is dat julle 'n Sondag vir Persone met Gestremdheid beplan, is dit raadsaam om te let op alle lidmate se ingesteldheid en hulle op die aangeleentheid voor te berei; voordat julle mense buite die kerkgemeenskap uitnooi.

Oorweeg die volgende aspekte om te bepaal hoe gereed die gemeente is om mense met gestremdhede te verwelkom:

- Die toeganklikheid van julle fasiliteite vir mense met 'n verskeidenheid gestremdhede. Kyk na die dokument "[Accessible Church Buildings](#)".
- Lig julle plekaanwysers en leierskap in oor hoe om persone met gestremdhede te verwelkom. Kyk na "[Wenke vir plekaanwysers](#)".
- Berei die kinderbediening daarop voor om 'n kind met 'n gestremdheid in hulle midde te ontvang. Stel iemand beskikbaar as 'n 'tjommie' of 'buddy' om 'n kind met gestremdheid te vergesel waar nodig
- Is die aanbiddingsdiens wat julle beplan toeganklik vir mense met verskillende vlakke van intellektuele gestremdhede?

Jy mag slegs een Sondag vir Persone met Gestremdheid nodig hê, of 'n week of drie waartydens jy jou gemeente daarop voorberei om mense met gestremdhede by hulle te verwelkom.

As jy voel jy het jou voorbereiding voltooi, begin om jou erediens te adverteer en skryf uitnodigingsbriewe aan spesiale skole, rehabilitasiesentrums en plaaslike gestremdhedsorganisasies. Raadpleeg die skakels na [organisasies vir gestremdheid](#) op die webwerf.

Vra jou lidmate om vriende, familielede en kollegas met gestremdhede, of dié wat mense met gestremdhede ken, te nooi.

Stap 4: Aktiwiteite vir Sondag vir perone met gestremdheid

Hierdie dag kan 'n wonderlike geleentheid bied waartydens jy en jou kerklidmate nie net nuwe mense sal ontmoet nie, maar ook nuwe insigte kan ontwikkel – moenie hierdie opwinding mis nie.

Jou kerk se Sondag vir Persone met Gestremdheid sal beslis suksesvol wees as jy die persoon wat die gaste gaan verwelkom, vra om die volgende aspekte uit te lig:

- Die beskikbaarheid van die lusgehoorstelsel en waar om te sit om dit ten beste te benut
- Die beskikbaarheid van rolstoeltoeganklike toilette en waar dit is
- Watter kerkbankrye genoeg beenspasie het sodat visueelgestremde besoekers se gidshonde by hulle voete kan lê
- Die beskikbaarheid van gesange in grootdruk, tolke in gebaretaal en 'n 'tjommie/buddy' vir kinders met gestremdhede – 'n kind wat hulle na die Sondagskool toe kan vergesel.

Jy kan die volgende items by jou erediens insluit, maar maak seker dat jy aan die verwagtinge van jou gemeentelede voldoen. 'n Erediens wat te veel van die norm verskil, mag toekomstige bewusmakingsgeleenthede bemoeilik.

- Iemand met 'n gestremdheid kan die diens lei, terwyl mense met ander gestremdhede relevante funksies verrig. 'n Visueelgestremde persoon kan byvoorbeeld die diens lei en mense met intellektuele gestremdhede kan die kollekte opneem
- 'n Persoon met 'n gestremdheid, of 'n ouer van 'n kind met 'n gestremdheid, kan 'n getuigenis lewer of 'n storie vertel
- Iemand van 'n plaaslike gestremdhedsorganisasie kan praat oor toeganklikheid, diskriminasie, indiensneming, geloofskwessies en vervoerprobleme
- Sluit voorbeelde van die prestasies van mense met gestremdhede in die openbare lewe en in jou gemeenskap in. Hulle ontvang nie noodwendig eer daarvoor nie. Baie mense met gestremdhede lewer hulle bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing. Sommige is bekend aan die breë publiek, soos regter Zak Yacoob, 'n afgetrede regter van die Konstitusionele Hof, wat blind is; of kampioene in sport, soos Natalie du Toit. Ander is werksaam as maatskaplike werkers, taalpraktisyns en Godsdiensteleiers. Baie onderwysers, motiveringsprekers en kunstenaars is mense met gestremdhede. Hulle gestremdhede definieer egter nie hulle rol in die gemeenskap, of hoe hulle hulleself sien nie. Baie van hierdie mense gebruik hulle kundigheid om ander se lewens te verbeter. Doen moeite om hulle in jou eie gemeenskap op te spoor en nooi hulle uit na jou kerk toe. Die kerkgemeenskap sal verryk word deur hulle bydraes.
- Soek na musiek wat gekomponeer en/of gespeel word deur mense met gestremdhede en gebruik dit in die aanbiddingsdiens
- Gebruik kunstenaars met gestremdhede, byvoorbeeld digters, dansers, skilders en beeldhouers. Ontdek hierdie kunstenaars deur mense in jou gemeenskap uit te vra
- Voorlesings uit die Bybel en gebede kan deur mense met gestremdhede, hulle familieledede of vriende gedoen word
- 'n Preek gelewer deur jou leraar of 'n gasspreker met 'n gestremdheid, kan dwaalbegrippe, soos dat gestremdheid veroorsaak word weens ongeloof of sonde, uit die weg ruim. Kyk na "[Resourceful People](#)" vir kontakbesonderhede.
- Bybelgedeeltes met betrekking tot gestremdheid wat in preke gebruik kan word, sluit onder andere in: Eksodus 4:10-12; 1 Samuel 16:7b; 2 Samuel 4:4; 2 Samuel 9; Lukas 5:17-26; Lukas 14:15-24; Johannes 9:3; 1 Korintiërs 12:22-23
- 'n Kort toneelstuk oor gestremdheid kan opgevoer word bv. "Wie is by Jou Kerkdeur?", of ontwikkel jou eie parodieë waarin jy die regte en verkeerde maniere van omgang met mense met verskillende gestremdhede grappig uitbeeld

- Groepbesprekings kan gehou word oor hoe om mense met gestremdhede te help om kerkdienste by te woon
- 'n Spesiale kollekte kan opgeneem word vir die verbetering van toeganklikheid in die kerk
- Nagmaalviering kan toeganklik gemaak word deur te verseker dat die plek waar nagmaal bedien word genoeg ruimte het vir rolstoelgebruikers en mense met gidshonde
- Verskaf alternatiewe vir koring en wyn by die nagmaal vir diegene wat dit benodig
- Maak seker dat mense wat nie die gebruik van hulle arms en hande het nie, ook nagmaal kan ontvang. Vra hulle of en hoe jy kan help en volg hulle instruksies
- Beplan 'n kinderprogram oor gestremdheid deur diegene gemoeid met jou kerk se kinderprogram te benader en interessante aktiwiteite te ontwikkel waarby kinders met gestremdhede ook betrek word

As jy 'n uitnodiging rig aan die wyer gemeenskap van mense met gestremdhede, maak seker dat daar ekstra helpers beskikbaar is vir kinders en volwassenes met verskillende gestremdhede wat jou kerk vir die spesifieke dag besoek.

'n Jaarlikse Sondag vir Persone met Gestremdheid is 'n goeie begin om gestremdheidsvriendelik te word. Kyk egter verder as die spesifieke dag deur inisiatiewe te implementeer wat jou kerk sal verander in 'n plek waar mense met gestremdhede saam met al die ander mense 'n geestelike tuiste sal vind. Sodoende word almal se lewens verryk.